GRAAFF-REINET

Hulle noem Graaff-Reinet met sy wye strate, grasieuse boomlanings, mooi tuine en pragtige gebaue die Athene van die Karoo, oftewel die Juweel van die Karoo. Dis inderdaad 'n mooi plek – die vierde oudste dorp in die land. Dis genoem na die Nederlandse goewerneur van die Kaap, Cornelis Jacob Van der Graaff en sy vrou Reinet.

In 'n stadium was Graaff-Reinet die hoofstad van 'n Boerepubliek toe sy burgers teen Brittanje in opstand gekom het. Dis het nie lank geduur nie.

Volstruisvere het die dorp welaf gemaak, maar die woestynveld moes later plek maak vir die skaap. Die dorp het 'n onderwysstelsel en twee spogskole: Hoër Volkskool en Union High.



Hoër Volkskool

HOËR VOLKSKOOL
ONS SAL HANDHAAF

STIGTINGSDATUM: 1922
LEUSE: ONS SAL HANDHAAF
ADRES: PLASKETSTRAAT, GRAAFF-REINET
WWW.HVSGRT.ORG.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Hoër Volkskool is genestel in 'n kromming van die Sondagsrivier aan die voet van die Sneeuberge. Sy buurskool is Union High School, net om die draai. Volkskool is in 1922 gestig deur dominee JF Naudé, drie jaar voordat Afrikaans Nederlands as een van die amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika vervang het. Mnr A Hattingh, wat in 1976 hoof geword het, het baie van die geriewe opgradeer. Nog rugbyvelde en 'n klubhuis, Die Volksie, het gekom. Die getalle het aangewas en vandag is dit een van die grootste skole op die platteland. Die klein dorp Graaff-Reinet het wel 'n grootse inheemse en setlaargeskiedenis. Net so het Volkskool, ook betreklik klein, 'n ryke verlede en sterk tradisies.

Rugby by Volkskool

In 1926 het mnr. C. Smith van Aberdeen 'n trofee geskenk vir 'n kompetisie tussen Volkskool en Aberdeen. Volkskool het die eerste wedstryd met 53-0 gewen. Tans word die seisoen afgesluit met 'n strawwe interskole tussen Volkskool en Union High. Gill College van Somerset-Oos, Hoërskool Cradock, Hoër Landbouskool Marlow, en Adelaide Gimnasium is ook groot derbies.

Die skool was tot onlangs by Noordoos-Kaap ingedeel, en het jaarliks minstens een speler vir die Cravenweekspan opgelewer. Dis tans deel van Oostelike Provinsie. Een van sy heel beste spanne was dié van 1947, toe hy in sewentien agtereenvolgende wedstryde onoorwonne was.

Die lojale oudleerling Olivier Dippenaar het in die jare vyftig en sestig as breier na sy alma mater teruggekeer. Hy het vir die Oostelike Provinsie teen 'n All Black-toerspan gespeel, en as slot het hy sy kennis van voorspelerspel ingespan om sterk pakke op te lewer. Volgens die legendariese Union High-breier Puggie Munnik was die agterlyn-manne Louw Pearson en GT Ferreira die beste van hul tyd. GT was 'n lang lenige senter en is tans 'n bekende sakeman. Met Dawid Botha as breier het Volkskool die beste resultate teen Union High opgelewer. Botha het van 1981 tot 1998 afgerig, waartydens veertien uit sestien interskolewedstryde gewen is. Volgens Botha was dit byna soos 'n oorlog tussen "Boer en Brit". Maar in die laaste tyd, veral noudat Interskole 'n eenmalige kragmeting is, het die geleentheid aansienlik afgekoel. Die skole kom in die week vir verskeie sportsoorte byeen, en saans is daar byvoorbeeld vasvrakompetisies. Albei skole hou met Interskole 'n Groot Spog, waar rasieleiers optree, strydkrete uitgevoer word, en spanne en hul kapteins voorgestel word. Die opwinding neem in die loop van die aand toe en uiteindelik sit die koshuisgangers af na die opponente se koshuis, waar hulle serenades bring om hulle te tart. Daarna maak hulle dat hulle wegkom! En dan is daar die talle oudleerlinge – baie van oorsee – wat op die dorp toesak. Interskole word met die 1ste-span rugbywedstryd afgesluit.

Gedurende Botha se termyn as afrigter het Hoër Volkskool jaarliks gemiddeld vier Noordoos-Kaaplandse Cravenweekspelers gehad. Die wonderkind van daardie tyd was Francois Horn. In 'n o.14-wedstryd teen Marlow, waarin die eindtelling 105-0 was, het hy die meeste punte met skoppe en drieë aangeteken. Hierdie talentvolle senter-heelagter se loopbaan is ongelukkig deur harsingskudding en ander be-serings kortgeknip. Neil Schreuder het die leisels met betreklike sukses by Botha oorgeneem. Hy het die 1ste span vir nege jaar afgerig. Die span van 2005 het net een wedstryd verloor – teen Otto du Plessis. Die 2006-span het na Gauteng, Botswana en Namibië getoer.

Hoewel hulle hul seisoen afgesluit het met nederlae teen Gill, Sentraal en hul bure Union High (30-3), het hulle daarin geslaag om Despatch (12-6) en Hangklip (21-19) te klop.